# VERSLAG
# STANDARD BANK-MATIE WISKUNDE-EN-WETENSKAPWEEK

**Mandi Alblas**

Die 2009 Wiskunde-en-wetenskap week was vanaf 30 Maart 2009 tot 2 April 2009 vir die Graad 10 tot 12 leerders van verskillende skole in die Wes Kaap, aangebied. Lorna Bartlett, die Projek-koordineerder van die Werkswinkel-week, het bevestig dat 52 skole, altesaam net onder 1900 leerders, die werkswinkels bygewoon het.

Die Departement Biomediese Wetenskappe, of meer die Morfologie Museum, was die enigste verteenwoordigers van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe.
Daar was vier persone wat die werkswinkel aangebied het. Ek het vir die hoërskool kinders vertel van mediese belangrike diere sowel as bietjie inligting oor vergelykende anatomie tussen diere. Die forensiese monsters was ook 'n groot trekpleister en dit het my nogal besig gehou. Paul Pretorius het die kinders besig gehou met die fynere detail van die mensskelet, terwyl Frank Sitzer varkhartdisseksies gedemonstreer het. Die kinders was baie geinteresseerd en het selfs hulle hande "vuil" gemaak met eie disseksies. Tharina Putter het die kinders gefassineer met inligting oor mens anatomie en patologie. Dit was nogal 'n stryd om die kinders betyds daar uit te kry vir hulle volgende sessie.

Ons het altesaam 4 een uur sessies per dag aangebied, behalwe Woensdag waar ons net die oggend beskikbaar was (Paul het 14:00 klas gehad) en het dus net twee sessies ingepas. Ons het baie min blaaskans tussen in gehad omdat ongeskeduleerde groepe en individue ook kom luister en kyk het reg deur die dag. Kinders sowel as volwassenes was gefassineer met die geheime van die menslike liggaam.



Die fynere detail van die mensskelet (aangebied deur Paul Pretorius).



Die fassinerende monsters oor mens anatomie en patologie (aangebied deur Tharina Putter).

<table>
<tr><td></td><td></td></tr>
<tr><td colspan="2">Die kardiovaskulêre sisteem van die mens, gedemonstreer m.b.v ‘n varkhartdisseksie (aangebied deur Frank Sitzer).</td></tr>
<tr><td></td><td></td></tr>
<tr><td>Die forensiese monsters was ook ‘n groot trekpleister (aangebied deur Mandi Alblas).</td><td>‘n Paar monsters van mediese belangrike diere sowel as bietjie inligting oor vergelykende anatomie tussen diere (aangebied deur Mandi Alblas).</td></tr>
</table>

Mandi Alblas & Tharina Putter